



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NATIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2012

GEOGRAFIE V1

PUNTE: 300

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Die vraestel bestaan uit TWEE afdelings, naamlik AFDELING A en AFDELING B.
2. Beantwoord DRIE vrae wat soos volg gekies moet word:
EEN vraag uit AFDELING A
EEN vraag uit AFDELING B
Die DERDE vraag uit AFDELING A of AFDELING B (Wat nog NIE beantwoord is NIE.)
3. Alle diagramme is in die BYLAAG ingesluit.
4. Laat 'n reël oop tussen onderafdelings wat beantwoord word.
5. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Moet NIE in die kantlyne van die ANTWOORDEBOEK skryf NIE.
8. Omring die nommer van jou antwoorde op die voorkant van die ANTWOORDEBOEK.
9. Waar moontlik, illustreer jou antwoorde met benoemde diagramme.
10. Skryf netjies en leesbaar.
11. Punte toekenning:
Indien die puntetoekenning soos volg aangedui word – $3 \times 2 = 6$, beteken dit dat DRIE feite gegee moet word vir TWEE punte elk.
Indien die puntetoekenning soos volg aangedui word – $3 \times 1 = 3$, beteken dit dat DRIE feite gegee moet word vir EEN punt elk. Opsteltipe vrae moet in VOL SINNE beantwoord word. Enige LYS van antwoorde gaan veroorsaak dat punte afgetrek word.

**AFDELING A: FISIIESE AARDYKSKUNDE: KLIMAAT EN WEER,
FLUVIALE PROSESSE EN STRUKTUUR LANDSKAPPE**

VRAAG 1

- 1.1 Bestudeer die diagram wat drie-sel lugsirkulasie voorstel, FIGUUR 1.1 en pas die beskrywing 1.1.1 – 1.1.5 met die nommers 1 tot 5 op die diagram. Skryf slegs die nommer 1 tot 5 teenoor die vraagnommer 1.1.1 tot 1.1.5 byvoorbeeld 1.1.6 – 8.
- 1.1.1 Koue lug daal by 30° N en 30° S.
- 1.1.2 Van die koue lug vloei terug na die ewenaar en van dit vloei na die pole.
- 1.1.3 Warm lug styg en beweeg weg van die ewenaar.
- 1.1.4 Soos die lug van die ewenaar weg beweeg koel dit af.
- 1.1.5 Die koue lug wat na die pole beweeg ontmoet die koue lug wat weg van die pole beweeg. (5 x 2) (10)
- 1.2 Kies die korrekte term tussen hakies vir elk van die onderstaande stellings. Skryf die korrekte antwoord teenoor die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.5) byvoorbeeld, 1.2.6 gronderosie.
- 1.2.1 Die borrelende vloei van water in 'n rivier word (laminêre vloei/ turbulente vloei) genoem.
- 1.2.2 'n Stroom waarin daar meer afsetting as erosie plaasvind is (oorgegradeerd/ondergradeerd).
- 1.2.3 Die gepunte doloriet-bedekte heuwels van die Karoo word (mesas/buttes) genoem.
- 1.2.4 'n Manier van rivier transportasie is (saltasie/transportasie).
- 1.2.5 Die loop van 'n rivier wat ouer as die strukture van die landskap waardeur dit vloei word genoem (antesedente dreinerings/ superponerende dreinerings). (5 x 2) (10)
- 1.3 Bestudeer die sinoptiese weerkaart gedateer 2000/07/16, FIGUUR 1.3 en beantwoord die volgende vrae.
- 1.3.1 Beskryf die weer wat die stasie by **C** (Durban) ondervind. (2 x 2) (4)
- 1.3.2 Identifiseer die weerstelsel genummer **D** op die kaart. (1 x 2) (2)
- 1.3.3 In watter stadium van ontwikkeling is die weerstelsel by **D**? (1 x 2) (2)
- 1.3.4 Gee 'n rede om jou antwoord in VRAAG 1.3.3 te ondersteun. (1 x 2) (2)

- 1.3.5 Verduidelik hoe die lugdruk by **B** die weer van Suid-Afrika gedurende hierdie periode beïnvloed het. (2 x 2) (4)
- 1.3.6 Skryf 'n opstel (nie meer as 12 reëls) en bespreek die uitwerking wat die front by **E** sal het op die menslike aktiwiteite in die Suidwes-Kaap. (6 x 2) (12)
- 1.4 Verwys na die diagram, FIGUUR 1.4 wat 'n nedersetting aantoon wat halfpad teen die helling op geleë is en beantwoord die volgende vrae.
- 1.4.1 Verduidelik waarom hierdie nedersetting halfpad teen die helling op geleë is. (1 x 2) (2)
- 1.4.2 Hoe sal die wind, voorgestel deur **Z**, die gewasse wat onder in die vallei gekweek word affekteer. (1 x 2) (2)
- 1.4.3 Gee 'n verklaring vir die verskil in die ligging van die bewerkte landerye en die bome in hierdie vallei. (2 x 2) (4)
- 1.4.4 Deur te verwys na die diagram, verduidelik wanneer en hoe 'n temperatuur inversie in hierdie vallei ontwikkel. (3 x 2) (6)
- 1.5 Verwys na die hidrogramme, FIGUUR 1.5 en voltooi die volgende vrae.
- 1.5.1 Definieer die term *afloop*. (1 x 2) (2)
- 1.5.2 Verwys na die prosesse van infiltrasie en afloop en tabuleer die verskil tussen hidrogramme a en b in FIGUUR 1.5. (2 x 2) (4)
- 1.5.3 Watter hidrogram, a of b, toon:
- (a) 'n lang vertragingstyd
- (b) 'n hoë vloedpiek? (2 x 2) (4)
- 1.5.4 Verduidelik waarom afloop meer sal wees in 'n stedelike gebied as in 'n landelike gebied. (2 x 2) (4)
- 1.6 Verwys na die onderstaande uittreksel en beantwoord die volgende vrae.

“Opvangsgebiede en dreineerbekkens sluit in riviere, sowel as mere, vleilande en ondergrondse watervloei.

Suid-Afrika is meesal 'n droë land en is vatbaar vir droogtes (in droë seisoen) en vloede (in die reën seisoen).

Menslike aktiwiteite kan opvangsgebiede en dreineerbekkens op verskeie maniere affekteer.

Daar is sekere maniere hoe opvangsgebiede en dreineerbekkens meer doeltreffend bestuur kan word sodat ons nie vatbaar is vir droogtes en oorvloede nie en toegang het tot skoon water ...”

- 1.6.1 Verwys na die uittreksel en skryf 'n opstel (nie meer as 12 reëls) oor die uitwerking van menslike aktiwiteite op opvangsgebiede en dreineerbekkens en stel maniere voor om dit meer doeltreffend te bestuur om te verseker dat daar 'n konstante en veilige voorsiening van water vir mense, plante en diere is. (6 x 2) (12)
- 1.7 Verwys na die diagram, FIGUUR 1.7 wat 'n struktuur landskap voorstel en beantwoord die volgende vrae.
- 1.7.1 Identifiseer die struktuur landskap wat in die diagram aangetoon word. (1 x 2) (2)
- 1.7.2 Noem die kenmerke van die struktuur landskap genoem in VRAAG 1.7.1. (2 x 2) (4)
- 1.7.3 Verskaf die byskrifte van die hang elemente **A**, **B** en **C** en gee 'n eienskap van elk. (3 x 2) (6)
- 1.7.4 Kan die duikhelling van die landvorm genoem in VRAAG 1.7.1 gebruik word vir landbou? Verduidelik jou antwoord. (1 + 1) (2)
- [100]**

VRAAG 2

- 2.1 Kies 'n konsep uit KOLOM B wat pas by die beskrywing in KOLOM A. Skryf die letter uit KOLOM B teenoor die vraagnommer (2.1.1 – 2.1.5) byvoorbeeld, 2.1.6 X.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1.1	Warm droë afluende winde wat in die winter oor Suid-Afrika waai	A. Föhnwind	B. Subtropiese Hoogdruk
2.1.2	Die gebied by die ITKS waar die konvergensie van lug plaasvind	C. Insolrasie	D. Bergwind
2.1.3	Die proses waar die aarde deur die son verwarm word	E. Aardradiasie	F. Ekwatoriale Laagdruk
2.1.4	Die verskil in lugdruk tussen twee punte wat windsterkte tot gevolg het	G. Coriolis-krag	H. Moesonwind
2.1.5	'n Seisoenale wind veroorsaak deur die verskil tussen land- en see temperature in Indië	I. Drukgradiënt krag	J. Katabatiese wind

(5 x 2) (10)

- 2.2 Bestudeer die diagramme, FIGUUR 2.2 en pas die dreineerpatrone met die landskappe a tot e. Skryf die letter van die landskap teenoor die nommer van die dreineerpatroon (2.2.1 – 2.2.5.) byvoorbeeld, 2.2.6 X.

- 2.2.1 Dendritiese patroon
 2.2.2 Radiale patroon
 2.2.3 Sentripetale patroon
 2.2.4 Tralie patroon
 2.2.5 Reghoekige patroon

(5 x 2) (10)

- 2.3 Verwys na FIGUUR 2.3 wat tropiese sikloon Eline voorstel om die volgende vrae te beantwoord.

- 2.3.1 Hoeveel tropiese siklone het in hierdie seisoen Eline voorafgegaan? (1 x 1) (1)
- 2.3.2 Verwys na die diagram en lys EEN faktor wat nodig is vir die vorming van hierdie tropiese sikloon. (1 x 2) (2)
- 2.3.3 Verduidelik TWEE van die ekonomiese gevolge van die sikloon Eline. (2 x 2) (4)
- 2.3.4 Beskryf die bewegingsrigting van sikloon Eline. (1 x 2) (2)
- 2.3.5 Waarom het sikloon Eline begin ontbind op die 22^{ste} dag? (1 x 2) (2)

- 2.4 Bestudeer FIGUUR 2.4 wat 'n weer verskynsel voorstel wat vanaf November tot Januarie in Suid-Afrika voorkom en beantwoord die volgende vrae.
- 2.4.1 Identifiseer die weer verskynsel wat deur die diagram voorgestel word. (1 x 2) (2)
- 2.4.2 Verduidelik hoe die vogfront gevorm word. (1 x 2) (2)
- 2.4.3 Skryf 'n opstel (nie meer as 12 reëls) oor die omgewings- en sosiale gevolge van die verskynsel genoem in VRAAG 2.4.1. (6 x 2) (12)
- 2.5 Verwys na die tabel, FIGUUR 2.5 wat die verskille in die minimum temperature in sentraal Nairobi en 'n gebied aan die buitewyke ('n lughawe) voorstel en beantwoord die volgende vrae.
- 2.5.1 Noem die verskynsel wat deur die tabel voorgestel word. (1 x 2) (2)
- 2.5.2 Teen watter tyd van die dag is hierdie temperatuur verskil die grootste? (1 x 1) (1)
- 2.5.3 Gee TWEE oorsake van die verskynsel genoem in VRAAG 2.5.1. (2 x 2) (4)
- 2.5.4 Sal die temperatuur verskil die grootste wees gedurende woensdae, of naweke? Verduidelik jou antwoord. (2 x 2) (4)
- 2.5.5 Stel EEN manier voor oor hoe 'n stad ontwerp kan word om die uitwerking van die verskynsel genoem in VRAAG 2.5.1 te verminder. (1 x 2) (2)
- 2.6 Bestudeer die diagram, FIGUUR 2.6 wat 'n lengteprofiel van 'n rivier voorstel en beantwoord die volgende vrae.
- 2.6.1 In hierdie lengteprofiel van 'n rivier, watter letter verteenwoordig?
- (a) die gegradeerde deel van die rivier,
(b) die erosiebasis,
(c) die tydelike erosiebasis? (3 x 1) (3)
- 2.6.2 Noem 'n struktuur of 'n landvorm wat as 'n tydelike erosiebasis dien. (1 x 1) (1)
- 2.6.3 Beskryf die rivier se helling en dwarsprofiel tussen punte **C** en **D**. (2 x 2) (4)
- 2.6.4 Teken 'n eenvoudige dwarsnit van die rivier tussen punte **D** en **E**. (1 x 2) (2)

- 2.7 Bestudeer FIGUUR 2.7 wat 'n eenvoudige kaart van die Doringrivier, wat 'n takrivier van die Olifantsrivier is, voorstel. Die Nieuwhoudt Watervalle was gevorm deur stroomroof van 'n rivier wat voorheen na die binneland gevloei het. Beantwoord die volgende vrae.
- 2.7.1 Gee bewyse vanaf die kaart dat stroomroof wel plaasgevind het. (1 x 2) (2)
- 2.7.2 Identifiseer die eienskappe van stroomroof genommer **A** tot **D** op die kaart. (4 x 1) (4)
- 2.7.3 Beskryf die gradering van die geroofde stroom. (1 x 2) (2)
- 2.7.4 Verduidelik waarom rivierverjonging met stroomroof geassosieer word. (2 x 2) (4)
- 2.8 Verwys na die diagram van 'n hang, FIGUUR 2.8 om die volgende vrae te beantwoord.
- 2.8.1 Watter hang element word gevorm deur afsetting? (1 x 2) (2)
- 2.8.2 Wat word voorgestel deur die stippellyn op die diagram? (1 x 2) (2)
- 2.8.3 Watter tipe massa beweging sal heel waarskynlik plaasvind by:
- (a) A en,
(b) B? (2 x 1) (2)
- 2.8.4 Skryf 'n opstel (nie meer as 12 reëls) om die natuurlike faktore en die menslike aktiwiteite te beskryf wat die voorkoms van massa bewegings vergroot. (6 x 2) (12)
- [100]**

AFDELING B: MENSE EN PLEKKE, MENSE EN HUL BEHOEFTE, WATER EN VOEDSEL SEKERHEID

VRAAG 3

3.1 Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n woord / term te kies vanuit die onderstaande lys. Skryf slegs die letter (A tot E) teenoor die vraagnommer (3.1.1 tot 3.1.5) byvoorbeeld 3.1.6 X.

- A stedelike profiel
- B stedelike uitbreiding
- C grondwaarde
- D sentripetale kragte
- E sentrifugale kragte
- F standplaas
- G ligging
- H konurbasie
- I metropolis
- J morfologiese struktuur

3.1.1 Die voorkoms van 'n stad soos van die kant gesien.

3.1.2 Beskryf waar 'n plek is in verhouding tot sy omringende omgewing, soos riviere, mere en aangrensende nedersettings.

3.1.3 Kragte wat mense en hulle aktiwiteite na die stad aantrek.

3.1.4 'n Groot stad omring deur verskeie dorpe wat daarvan afhanklik is.

3.1.5 Die fisiese groei van 'n stad of dorp. (5 x 2) (10)

3.2 Kies die korrekte term van die woord (e) tussen hakies om die volgende beskrywings te voltooi. Skryf slegs die woord (e) teenoor die vraagnommer (3.2.1 tot 3.2.5) byvoorbeeld, 3.2.6 Bevolking.

3.2.1 Nuwe standplase vir nywerheidsontwikkeling wat geleë is in die platteland of aan die buitewyke van die stad word genoem (bruinstandplase/groenstandplase).

3.2.2 (Bruto Binnelandse Produk/Bruto Nasionale Produk) is die totale waarde van alle goedere en dienste wat in een jaar in 'n land geproduseer word.

3.2.3 Die beplande beleid om aktiwiteite te verskuif weg van gebiede waar daar 'n oorkonsentrasie is, word na verwys as (desentralisasie/ dekonsentrasie).

3.2.4 (Handelsbalans/betalingsbalans) is die verskil in monetêre waarde tussen die invoere en uitvoere van 'n land.

3.2.5 Wanneer beperkings geplaas word op die handel tussen lande deur gebruik te maak van tariewe en kwotas, word dit (handelsblokke/ proteksionisme) genoem. (5 x 2) (10)

- 3.3 Bestudeer FIGUUR 3.3 wat landelike grondgebruik voorstel en beantwoord die volgende vrae.
- 3.3.1 Identifiseer die tipe landelike nedersetting by elk van **P** en **Q**. (2 x 1) (2)
- 3.3.2 Noem TWEE nadele om in nedersetting **Q** te woon. (2 x 2) (4)
- 3.3.3 Noem die vorm van nedersetting **R**. (1 x 1) (1)
- 3.3.4 Intensiewe boerdery metodes word gebruik op die plaas gemerk **S**.
Verduidelik die term *intensiewe boerdery*. (1 x 2) (2)
- 3.3.5 Gee TWEE faktore duidelik in die diagram wat die bogenoemde tipe boerdery bevoordeel. (2 x 2) (4)
- 3.3.6 Die verwydering van die bosland in die gebied sal 'n toename in gronderosie tot gevolg het. Bepaal die uitwerking wat dit sal het op landbou. (1 x 2) (2)
- 3.4 Bestudeer die grondgebruik kaart, FIGUUR 3.4 wat die algemene grondstruktuur van 'n moderne stad toon om die volgende vrae te beantwoord.
- 3.4.1 Dui die algemene vorm van die stad aan. (1 x 1) (1)
- 3.4.2 Met verwysing na die stad se hoof industriële gebied, verduidelik TWEE liggingsvoordele wat hierdie nywerheidsgebied geniet. (2 x 2) (4)
- 3.4.3 Verduidelik waarom agterbuurt opruiming voorkom rondom die SSK. (1 x 2) (2)
- 3.4.4 Gee bewyse wat aantoon dat stedelike uitbreiding in die stad plaasgevind het. (1 x 2) (2)
- 3.4.5 Daar was beplan om 'n groengordel in die noordelike deel van die stad te vestig. Verduidelik die term *groengordel*. (1 x 2) (2)
- 3.4.6 Die SSK is hoogs toeganklik. Gee EEN rede vanaf die kaart om hierdie stelling te ondersteun. (1 x 2) (2)
- 3.4.7 Skryf 'n opstel (nie meer as 12 reëls) om die probleme wat die SSK as gevolg van sy hoë toeganklikheid ervaar, te verduidelik en stel moontlike oplossings voor om elk van die probleme te oorkom. (6 x 2) (12)

- 3.5 Bestudeer die kaart van Suid-Afrika, FIGUUR 3.5 en beantwoord die volgende vrae.
- 3.5.1 Identifiseer die industriële gebied wat die meeste (43%) en die laagste (5%) van Suid-Afrika se vervaardigde produkte produseer. (2 x 1) (2)
- 3.5.2 Verskaf EEN faktor wat die nywerheidsontwikkeling by **A** en **C** onderskeidelik begunstig. (2 x 2) (4)
- 3.5.3 Stel nuwe industriële projekte voor wat nywerheidsontwikkeling en ekonomiese groei by **B** en **D** onderskeidelik sal bevorder. (2 x 2) (4)
- 3.5.4 Verduidelik die uitwerking wat die ligging van die nuwe nywerheidsprojekte by **B** en **D** sal het op die inwoners van hierdie gebiede. (2 x 2) (4)
- 3.6 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die volgende vrae.

“Die informele sektor kan beskryf word as informele handelondernemings wat nie vaste besigheidspersoneel het nie en ook nie belasting aan die ontvanger van inkomste betaal nie.

Dit is 'n tweede ekonomie want dit is 'n sektor, meestal in stedelike gebiede, wat op sy eie funksioneer en 'n tersiêre diens lewer aan die gemeenskap ...”

- 3.6.1 Skryf 'n opstel (nie meer as 12 reëls) om die redes vir die ontwikkeling van die informele handelsektor te verduidelik en bespreek die uitdagings wat die informele handelsektor in stedelike gebiede in die gesig staar. (6 x 2) (12)
- 3.7 Bestudeer FIGUUR 3.7 wat die handelsbetrekkinge wat tussen lande in die noordelike- en suidelike halfbrondtes uitbeeld en beantwoord die volgende vrae.
- 3.7.1 Identifiseer die handelsproses wat die handelsbetrekkinge tussen lande van die noordelike- en suidelike halfbrond uitbeeld. (1 x 2) (2)
- 3.7.2 Beskryf die wanbalans, wat duidelik sigbaar is op die skets, in terme van die handel tussen die twee halfbrondtes. (1 x 2) (2)
- 3.7.3 Gee EEN moontlike rede vir hierdie wanbalans in die handel tussen die twee halfbrondtes. (1 x 2) (2)
- 3.7.4 Lewer kommentaar oor die hoë persentasie primêre produkte wat uitgevoer word na die noordelike halfbrond. (2 x 2) (4)
- 3.7.5 Lewer kommentaar oor die uitwerking van die hoë persentasie vervaardigde produkte wat noordelike halfbrond verlaat, op hulle handelsbalans. (2 x 2) (4)

VRAAG 4

- 4.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs WAAR of ONWAAR teenoor die vraagnommer (4.1.1. – 4.1.5) byvoorbeeld, 4.1.6. ONWAAR.
- 4.1.1 Die Grondrestitusie beleid gee grond terug aan mense wat van hul grond gedurende die apartheid era gedwing was.
- 4.1.2 Lae-inkomste residensiële gebiede het die hoogste grondwaardes van alle residensiële gebiede.
- 4.1.3 Beplande buurtwinkelsentrums is naby hoofpaaie, het groot parkeerruimte en 'n groot verskeidenheid winkels.
- 4.1.4 Gentrifikasie vind plaas wanneer gemoderniseerde lae-koste huise goedkoop aangekoop word deur welgesteldes.
- 4.1.5 'n Vlugteling is iemand wat 'n vreemde land binne kom sonder daardie regering se toestemming. (5 x 2) (10)
- 4.2 Bestudeer die kaart van Suid-Afrika, FIGUUR 4.2, wat die wateroordrag-skemas toon om die volgende vrae te beantwoord. Skryf slegs die antwoord teenoor die vraagnommer (4.2.1. – 4.2.5) byvoorbeeld, 4.2.6 Nylrivier.
- Noem:
- 4.2.1 Die wateroordrag-skema gemerk **O** wat die Oos-Kaap van besproeiingswater voorsien.
- 4.2.2 Die dam by nommer 5 wat water ontvang van die waterskema gemerk **T**.
- 4.2.3 Die land wat sy watervoorraad oor sy grens met Suid-Afrika deel.
- 4.2.4 Die provinsie wat baat by die wateroordrag-skema en die damme by nommers 8 en 13.
- 4.2.5 Die dam by nommer 3 wat 'n laer verdampingstempo het as die dam by nommer 5. (5 x 2) (10)
- 4.3 Bestudeer die tabel, FIGUUR 4.3 wat inligting oor landelike- en stedelike gebiede in Suid-Afrika aantoon en beantwoord die volgende vrae.
- 4.3.1 Gee die betekenis van die terme *ontvolking* en *landelike-stedelike migrasie*. (2 x 2) (4)

- 4.3.2 Dui die persentasie vlak van die volgende in landelike gebiede aan:
- | | | |
|----------------------------|---------|-----|
| (a) Ongeletterdheid | | |
| (b) Geen toegang tot water | | |
| (c) Werkloosheid | (3 x 1) | (3) |
- 4.3.3 Dui aan met watter persentasie is die werkloosheidsvlak hoër in landelike gebiede. (1 x 2) (2)
- 4.3.4 Watter gebiede is beter gediens met mediese fasiliteite; landelike- of stedelike gebiede? (1 x 2) (2)
- 4.3.5 Skryf 'n opstel (nie meer as 12 reëls) en verduidelik die uitwerking van landelike-stedelike migrasie op die landelike gebiede van Suid-Afrika en stel maatreëls voor om landelike-stedelike migrasie teen te werk. (6 x 2) (12)
- 4.4 Verwys na die kaart, FIGUUR 4.4. om die volgende vrae te beantwoord.
- 4.4.1 Watter TWEE plekke sal die grootste invloedseer het: **A, B, C, D** of **E** ? (2 x 1) (2)
- 4.4.2 Wat word bedoel met die invloedseer van 'n plek? (1 x 2) (2)
- 4.4.3 Verduidelik waarom die twee plekke genoem in VRAAG 4.4.1 die grootste invloedseer sal het. (2 x 2) (4)
- 4.4.4 Dui die orde van die tipe funksies wat in hierdie twee plekke aangetref word, aan. (1 x 2) (2)
- 4.4.5 Verskaf enige TWEE voorbeelde van die tipe funksies genoem in VRAAG 4.4.4. (2 x 1) (2)
- 4.4.6 Klassifiseer die stedelike nedersettings gemerk **B, D** en **E** volgens hul oorspronklike funksie. (3 x 1) (3)
- 4.4.7 Waarom vereis die goedere en dienste by nedersetting **B** 'n lae drempel bevolking en 'n lae reikwydte? (1 x 2) (2)
- 4.5 Bestudeer die uittreksel, FIGUUR 4.5 en beantwoord die volgende vrae.
- 4.5.1 In jou eie woorde, dui EEN manier aan waarmee arm mense 'n bestaan maak. (1 x 2) (2)
- 4.5.2 Gee TWEE voorbeelde van hulpbronne waaraan mense in landelike gebiede 'n gebrek het. (2 x 1) (2)
- 4.5.3 Verduidelik die term *voedsel onsekerheid*. (1 x 2) (2)
- 4.5.4 Slegs 26% van die arm huishoudings het toegang tot grond. Watter implikasies het dit vir arm plattelanders? (2 x 2) (4)

4.5.5	Volgens jou mening, het Suid-Afrika voedsel onsekerheid? Regverdig jou antwoord.	(2 x 2)	(4)
4.5.6	Skryf 'n opstel (nie meer as 12 reëls) om die faktore te verduidelik wat bydra tot voedsel onsekerheid en stel voor wat die regering op nasionale- en plaaslike vlak kan doen om die bedreiging van voedsel onsekerheid aan te spreek.	(6 x 2)	(12)
4.6	Verwys na die tabel, FIGUUR 4.6 oor Suid-Afrika se water behoeftes en beantwoord die volgende vrae.		
4.6.1	Vergelyk die totale gebruik vir 1993 met die totale gebruik in 2010. Wat dui hierdie syfers aan oor die aanvraag na water? Verklaar jou antwoord.	(2 x 2)	(4)
4.6.2	Watter sektor is die grootste verbruiker van water?	(1 x 1)	(1)
4.6.3	In watter sektor word daar geskat dat die water gebruik die meeste sal toeneem en met hoeveel?	(2 x 1)	(2)
4.6.4	In watter TWEE sektore word daar geskat dat die aanvraag na water die minste sal toeneem.	(2 x 1)	(2)
4.6.5	Watter ekonomiese sektor, primêre, sekondêre of tersiêre, het die grootste aanvraag na water?	(1 x 1)	(1)
4.6.6	Stel volhoubare maniere voor wat die sektor genoem in VRAAG 4.6.2 kan gebruik om sy gebruik van water te verminder.	(2 x 2)	(4)
			[100]
		TOTAAL:	300